Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

**FAMILIENUUS** SONDAG 12 JANUARIE 2025

**WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS, OM 09:00**

# Bevestiging en Intreepreek

## Ds Samantha Chamberlain



*Baie welkom in ons gemeente*
*Ds Samantha, Stanley en twee seuns, Abri & CJ*

'N NUWE BEGIN SAAM MET GOD - JESAJA 43:1 - 7

**Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.**

## Ontmoet ds Samantha en hulle gesin

Samantha is gebore in Krugersdorp Gauteng waarna hulle in haar graad 5 jaar verhuis het na Calitzdorp in die Klein Karoo. Sy het van kleins af gesê sy sal eendag 'n Kapenaar wees. Sy het ongelooflik baie gehou van die plaaslewe en om buite te wees en met die diere te werk. Langer vakansies het sy by haar pa in Gauteng gaan kuier waar sy ook bietjie van die stadslewe kon ervaar.

Sy het haar skoolloopbaan voltooi te Hoërskool Calitzdorp waar sy 'n liefde ontwikkel het om met mense te werk. Calitzdorp is 'n klein dorpie waar mense hegte verhoudings met mekaar het en mekaar ondersteun. Die gemeenskap is baie betrokke by die NG kerk op die dorp - daarom was hulle as familie ook gereeld by die kerk. Dis ook 'n plek waar baie sendelinge en diensjaarspanne kom werk het en waar sy geleer het oor die Woord van God en Sy liefde vir mense. Daar het sy 'n passie ontwikkel vir die NG Kerk.

Na skool het sy Teologie gaan studeer by die Universiteit van Stellenbosch waar sy betrokke was by die Studentekerk en aan uitreike soos Atlete vir Christus en Transkei Werkersaksie deelgeneem het. Daar was sy blootgestel aan verskeie tipes mense en het sy geleer het om God se Woord te verkondig, sodat dit kan tuiskom vir alle mense. Sy het by Studentekerk haar man Stanley ontmoet. Hulle het in 2009 getrou en in 2010 verhuis na Somerset-Wes.

Samantha het in 2011 haar finalejaar by Hottentots-Holland gemeente gedoen waar sy haar voete gevind het en tuis gevoel het om deel van die familie te wees. Na haar gemeentejaar het sy afgelos by Hottentots-Holland gemeente en was selfs vir 'n tyd lank skriba. Sy het gedroom om eendag weer te kan terugkom of weer 'n soortgelyke gemeente te kan ontdek.

In 2014 is sy beroep na Suider-Strand gemeente in die Strand en het die afgelope tien jaar daar as deeltydse predikant gewerk. By Suider-Strand het sy betrokke geraak op verskeie terreine van gemeente-wees en het sy by Laerskool Hendrik Louw haarself gaan uitleef onder die kinders. Sy is ook betrokke by die ring en sinodale taakspanne soos onder andere die Jeug taakspan, VBO-taakspan en dien op die Regskommissie.

Haar man Stanley is 'n rekenmeester wat tans weer sy eie praktyk opbou. Hulle het twee seuns, Abri wat 11-jaar oud is en vanjaar in Graad 6 is en C.J. wat 8-jaar oud is en vanjaar in Graad 3 is. Hulle is albei in Laerskool Hendrik Louw in die Strand. Hulle woon tans nog in Gordonsbaai. As gesin hou hulle van avonture en die buitelewe en geniet dit om tyd saam te spandeer.